TE WEET

15 Feb. 2026

NEDERDUITSCH HERVORMDE GEMEENTE NELSPRUIT

www.hervormdekerknelspruit.co.za F/B: Nelspruit Hervormde gemeente

Welkom aan elkeen wat vanoggend die erediens bywoon. Mag ons Vader se stem duidelik hoor en dit ons aanspoor tot dade.

Aan ons nuwe lidmate:
Ons sal u graag by die NHK i Toon-bank agter in die kerk na die erediens wil ontmoet. Kom drink gerus daarna 'n koppie tee saam met ons in ons Koffie-kuier-en-kletskamer.

EREDIENS: ds André van Rooyen
Tema: Die Liggaam kom intiem by mekaar uit.
Skriflesing: Jak 5 (:16)
Votum
Seëngroet
Lofliedere:
LB 164 Ons is almal hier tesaam
LB 334 God is liefde
Boodskap
Geloofsbelydenis
Slotlied:
LB 488 Helder skyn

LIEF EN LEED
Vandag dink ons met dankbaarheid aan: mense wat hul gawes met die gemeente deel:
♥ Vandag sê ons spesifiek dankie aan ds André van Rooyen wat sy gawe om die Skrif uit te lê met ons te deel,
♥ asook Helgard en Ericka wat hulle pannekoekbak gawe met ons deel;
♥ Johan en Magda Barnard het 'n kleinkind ryker geword en hulle seun is aangewys as die beste student vir 2026.
Ons dink ook aan:
♥ Manie Prinsloo wie se broer oorlede is. Ons innige meegevoel aan jou en jou geliefdes.
♥ Pietman Fourie, het kanker op sy stembande. Sy stembande gaan in Steve Biko verwyder word en dan moet hy chemo ontvang.
♥ Magda McGee is oorgeplaas na die hoësorg. Ons is dankbaar daar is verbetering.
♥ Adri Visser het 'n oogoperasie ondergaan. Dit gaan goed met haar.
♥ Lou Bierman het weer 'n draai in die teater gemaak.
♥ Willie von Benecke was in 'n motorongeluk. Ons is dankbaar dat dit nou beter gaan.
Almal wat siek is, olik voel, eensaam, ontsteld of hartseer is. Sterkte, vertroosting of spoedige beterskap bid ons julle toe.

HULP GEVRA
'n Lidmaat was in 'n motorongeluk betrokke. Die motor moet herstel word. Indien u paneelklopwerk kan doen en dus hiermee kan help, kontak my of die predikante asb?
'n Lidmaat vra 'n ringkussing om te leen.
Indien iemand kan help om 8 blokke te sny om voorhuisbanke te lig sal ons dit waardeer.

Ons Lydenstydreeks skop 18 Februarie af.

Lentreis 2026 se tema is: Wys my die Weg
Op hierdie Lent-reis volg ons Jesus op sy weg na die kruis – nie net deur die Evangelies nie, maar ook deur die Psalms, wat Sy eie gebedstaal was.
Dit is 'n reis waar ons saam met Christus leer om die onsigbare, privaat lewe met die Vader te ontdek – 'n pad van nederigheid, selfloosheid en vertroue wat ons voorberei vir die kruis én die lewe wat daaruit vloei.
Die volgende hulpbronne is beskikbaar:

- Lentreis: Wys my die Weg R55
- Lent Familieriglyne - prys op aanvraag.
- Riglyne vir Studente - prys op aanvraag.
- Riglyne vir tieners R92
- Weeklikse oordenkings vir 4 – 9 jariges. R75

Bestel asb so spoedig moontlik jou Lent boekie/s sodat jy nie te veel agter raak nie.

AKTIWITEITE IN DIE GEMEENTE

15 08:00 Koffiekuier
08:30 Erediens en Kleuterkerk
09:30 Teedrink - pannekoekdag
09:40 Kategese
16 09:15 Dagbestuur vergader
18:00 MM nabetragting
17 15:00 Bybelstudie
18 09:15 Herfsakker Bybelstudie
10:00 Aswoensdagdiens in Kapel Preek by Pumalanga
18:00 Aswoensdagdiens by Daily Grove
22 08:00 Koffiekuier
08:30 Eerste Lydensondag Nagmaal en Kleuterkerk
09:30 Teedrink
09:40 Kategese

GASHERE BY TEESKINK:

15/02 Kobus, San-Marie en Rina Potgieter
22/02 Landi en Wessel Olivier, Pieter Engelbrecht
01/03 Jaco, Zetta en Janica Viljoen
Dankie vir julle gasvryheid!

02/16 Nicolene De Koker
02/16 Fritz Engelbrecht
02/17 Hannelie Odendaal
02/18 Zak Potgieter
02/18 Jan Buitendag
02/18 Lina Prinsloo
02/20 Pine Pienaar
02/21 Louwrens Viviers
02/21 Maria Meyer ***70jr +***

PUMAKITI

Totale inkomste	R100,750.00
Totale Uitgawes	R 55,562.54
Wins	R 45,187.46

Daar kort nog een tafel se geld, maar dit is by die wins ingereken.
Hannes wil net weereens vir almal dankie sê wat deel was of deelgeneem het aan die Pumakiti.

VOLTOOI ASB DIE VORM

Baie dankie vir almal wat reeds die vorms voor in die bank se sakkie voltooi het.
Indien u nog nie een voltooi het nie vra ons dat u asb vandag een sal voltooi en saam met die potlood terug sit in die bank se sakkie.
Hier is 'n opsomming van terugvoer wat ons ontvang het:
Dankies vir die hartlike ontvangs en gasvryheid;
Betrek die jeug meer;
Uitreik – hoopbediening;

Bybelstudies vir jeug;
Beroepe vir nuwe liedere / “Praise and worship” bv Lighthouse, 10 000 reasons, ens.
Koue water saam met tee bedien;
Stiptelikheid;
Dankie vir goed voorbereide eredienste;
Dra van toga met bediening van sakramente;
Liedere wat gespeel word moet die bas hard gestel word;
Meer waaiers.
❤️Baie dankie vir die goeie insette.

BEK-EN-KLOUSEER – NIE NET DIE BOER SE PROBLEEM NIE (Blitspos)
Suid-Afrika ervaar tans een van die ergste bek-en-klouseer-uitbrekings in die geskiedenis. Hierdie gevreesde siekte is ’n uiters aansteeklike virussiekte wat hoefdiere affekteer. Dit word deur direkte kontak tussen diere, in die lug, maar ook deur klere, skoene en voertuie versprei. Tans is dit veral melkbees- en varkboere wat die meeste hierdeur geraak word.

Daar is geen direkte geneesmiddel teen bek-en-klouseer (BKS) nie en dus is biosekuriteit die grootste prioriteit. In kort beteken dit voorkoming is beter as genesing. Boere se stryd is dus om die siekte van hul plase af te hou. Die siekte word tans grootliks deur kwarantyn en bewegingsbeheer bestuur. Voertuie se wiele moet eers deur ’n spuit ontsmet word en passasiers moet op ’n ontsmettingsmatjie staan voor jy die perseel mag betree.
Indien hierdie krisis nie reg bestuur word nie, kan dit verwoestend wees en talle boere kan as gevolg daarvan finansieel ondergaan. Die graad van die krisis verskil tans van provinsie tot provinsie, maar die bedreiging is steeds daar. Feit is egter dat boere in uiterste gevalle massaslagtings van hul kudde moet oorweeg. Die groot uitdaging is tans kontantvloei en volhoubaarheid. Vanweë die geweldige aansteeklikheid van die siekte kan verskeie boere nie vee veilings toe neem en verkoop nie. Dit plaas reuse druk op boerderye. Oor die breë ekonomiese impak hiervan hoef ons nie te wonder nie. Suid-Afrika is ’n groot uitvoerland wat vleis betref. Indien BKS buite beheer is, sal dit ons uitvoere knou. Voorkomende entstowwe is nou dringend nodig. Vroeër het die staat oor ’n sterk enstofvervaardigings-vermoë by Onderstepoort beskik. Ongelukkig is dit tans as gevolg van ’n gebrek aan kundigheid nie meer die geval nie. Rolspelers in die privaatsektor kan of behoort ’n groter rol te speel aangesien daar voldoende kundigheid in die privaatsektor is. Met die skryf van dié artikel is daar bekend gemaak dat ’n beperkte hoeveelheid entstof wat in Suid-Afrika vervaardig is, dadelik na provinsies versend kan

word. Dit is ongelukkig egter maar 'n druppel in die emmer.
Massaversending van entstof uit Turkye en Argentinië – wat ongelukkig nog eers deur goedkeuringsprosesse van die regering moet kom – is egter volgens kundiges die langtermynoplossing.
Die omvang van die krisis is groot en dit geld op vele terreine vir boere, tussengangers en verbruikers. Van die Kerk se kant af moet ons bedag wees op hierdie stand van sake. Ons word geroep om ons boere in hierdie krisistyd met gebed, pastorale steun en elke denkbare middel tot ons beskikking te ondersteun. Elke gemeente word opgeroep om in te tree. Ons uitreik na boere behoort met insig, begrip en deernis gepaard te gaan. Ons boere en hul kosbare arbeid word nie aldag na waarde geskat nie. Die impak wat hulle maak, raak letterlik ons daaglikse inkopies, verbruik en welwese. Indien BKS nie reg bestuur word nie, kan dit 'n ramp veroorsaak wat talle boere wat reeds uitdagende landboufaktore in die gesig staar, hard sal tref. Ons as Kerk en veral gemeentes in boerderygemeenskappe het nou die taak om te luister en pastorale bystand te verleen waar stres, wantroue en dalk moedeloosheid begin intree.
Ons dra ons land se boere met al die spanning wat met boerdery gepaard gaan opnuut aan ons hemelse Vader op.
Ds Hennie van der Linde
(Vliegepoort)

'n Gedig
Sy hande word vuil,
sy klere skeur,
sy dae raak moeilik,
sy diere raak siek.
Dit wat hy plant, maak dit nie altyd tot oestyd nie.
Daar is donderstorms en droogte en sy geduld raak party dae baie min.
Maar hy hou aan glo,
want hy weet waar sy krag vandaan kom.
Hy is 'n boer.
Dit is nie net sy werk nie,
dit is wie hy is.
'n Boer.
Dané Pretorius
facebook.com/TLUSAsedert1897

Liewe Heer,
Vandag dra ons ons boere aan U op. Vader, hulle gaan deur moeilike tye met erge bekommernisse oor bek-en-klouseer. Hulle weet nie wat om te verwag nie, en staar groot verliese in die gesig. Gee hulle asseblief die krag om deur hierdie moeilike tyd te kom. Ons bid dat hulle die woorde van Sefanja 3: 16b-17 (AFR83) in hul harte sal bewaar:
16bMoenie bang wees nie, Sion,
moenie jou hande moedeloos laat hang nie!
17Die Here jou God is by jou,
Hy, die krygsman wat red.
Amen.